



Let op die volgende waarskuwingstekens:

As daar 'n X of 'n Z op 'n stopteken of op die pad geverf is, word huise moontlik geteiken vir 'n roof.

As daar 'n klomp klein klippië gestapel word, waarsku dit teen honde.

As daar twee groter klippe langs mekaar gepak is, dui dit op twee ou of weerlose mense in die huis.

Klippe langs mekaar in 'n ry gepak dui aan hoeveel inwoners die huis het.

Bakstene dui op 'n rooftog of motorkaping.

Wanneer 'n "Swastika" teken op die pad of stoptekens geverf is, dui dit in die rigting van die huis wat geteiken word.

Kleure:

Rooi, bv. 'n rooi lap of 'n Coke blikkie, dui daarop dat weerstand verwag kan word en die persone vuurwapens besit. Wanneer 'n Coke blikkie regop staan, wys dit niemand is tuis nie. Rooi kan ook beteken die inwoners is paraat of daar is goeie hekke of alarms. Wit dui op 'n maklike teiken, gewoonlik 'n wit plastieksak in die heining. 'n Sorghum-boksie word gebruik om te sê die huis is gemerk.

Groen voorwerpe word gebruik om die ontsnaproete aan te dui.

Blou gee aanduiding dat iemand in die huis bereidwillig is om saam te werk of die huissleutels is naby die deur gebêre, asook dat sekuriteit nie teenwoordig is nie en daar geen alarmstelsels is nie.

Swart en grys kleure dui op veediefstal of dat die inbraak gekanselleer moet word weens patrolling.

Skoene of skoensole by die hek wys dat niemand tuis is nie en dis 'n maklike teiken.

Wenke:

Wanneer die honde snags blaf is dit belangrik om te luister na die tipe blaf.

Luister na wanneer mense fluit omdat diewe gewoonlik op hierdie manier kommunikeer.

Ander dinge wat diewe doen is om jou huistelefoon of selfoon te skakel om te hoor of jy tuis is of hulle skakel jou krag- of watertoevoer af.

Moenie uitgaan indien jy gevaar vermoed nie. Kry liewers hulp van buite.

Indien jy verdagte voorwerpe voor jou huis kry wanneer jy tuis kom, ry liewers verby tot jy seker is dit is veilig.



HEILBRON BIBBER WÉÉR

Dis nog te vroeg om die winter vaarwel te roep. Volgens Suid-Afrikaanse Weerdiens sou nog 'n koue front die Kaap gister te tref. Moet nog nie jou warm klere, komberse en warmwatersakke wegpak nie, aangesien hierdie koue weer ons teen more behoort te

tref. Normale temperature kan weer Sondag verwag word. Die koue fronte begin al meer suid van die land verbybeweeg en tref dit nie meer die binneland so erg nie. Heilbron kan egter steeds temperature onder vriespunt oor die naweek verwag.

PLAASWAGVERSLAG

Elke boer vrees die moontlikheid van 'n plaasaanval. Met al meer boere wat geteiken word, is dit belangrik om bewus te wees van die gebeure rondom jou sodat jy paraat kan wees en weet waarna om op te let. Misdaad gerapporteer by Heilbron Plaaswag vir Julie sluit in vyf gesteelde beeste en twaalf skape. Sewe van die skape se kele is afgesny en slegs die koppe van die ander vyf is gevind. Verskeie pogings tot diefstal het plaasgevind, maar het misluk weens goeie sekuriteit. Wees versigtig vir herhaalde pogings tot diefstal op dieselfde plaas. 'n Ander geval is aangemeld van 'n gesteelde voertuig en 'n vergiftigde hond.

NUWE POSTNET EIENAARS BOU VOORT

Die "Watson Brothers" Abrie en John, het Augustus amptelik die eienaarskap van Postnet op Heilbron oorgeneem en hoop om die diens net so goed voort te sit en verder uit te brei. Die vorige eienaars, Hennie en Lida Pretorius, het besluit dis tyd om rustig te raak en na jare in die koerierbesigheid uit te tree. Die Postnet groep was eerste om 'n pakkie onder 5 kg vir net R99 te koerier en lewer vandag steeds pakkies nasionaal en internasionaal af. Die vriendelike personeel wat kliënte agter die toonbank gaan help is Lindiwe, Cara en Jo-Ann.

Op die foto vl: John Watson, Lindiwe Ntshimaelo, Cara Nell, Jo-Ann de Lange en Abrie Watson.

